

30 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 19:28-44

Fokusgedeelte: Sagaria 9:9-10

'n Reënboog van vrede

Sterk leierskap – dis wat ons nodig het! Dán sal ons weer kan lag in ons land ...” En toe kom die Sterk Leier – regverdig! 'n Oorwinnaar duisend! – op 'n donkie aangery.

As die donkie jou verras, wag tot jy sy doelwit hoor! Sy metode pas by sy doelwit: nederig op 'n donkie om 'n vrederyk te vestig. 'n Magtige Koning, 'n Sterk Leier, iemand wat met Goddelike Opdrag kom ... om vrede te vestig! Nie mag nie, ook nie status of aansien, of 'n wen-nasie nie – vrede.

Daarom huil Jesus oor wat vir Jerusalem voorlê, oor die inwoners se lot. Hulle sien iets anders in Hom as 'n Vrededvors.

Wat is dit, Here, wat my sal laat lag? Wat soek ek in U? Gemak? 'n Probleemlose lewe? Misdaadloosheid? Sukses? Status? Voorspoed? Ja, al hierdie dinge dra verseker by tot die somber kombers wat soms oor ons hang. Maar hier binne my, hier waar U ingery het met 'n donkie, hier het U vrede tussen my en U gesmee. U noem my u vriend (Joh 15:13-15), u broer, u suster (Mark 3:31-35), u bruid (Openb 19:7).

Daar is 'n opwindende, energieke, dinamiese, emosioneel vervullende verhouding tussen my en U, soos tussen vriende, soos tussen familie, soos tussen verloofdes! En hierdie verhouding – hierdie vrede – kleur al die somber dinge in my leefwêreld in reënboog rooi en blou en geel.

O Here! Sien my jubellewe vandag raak: Waar ek ook al vandag verbygaan, wil ek u vredereënboog agterlaat!

Sing: Psalm 118:1, 13, 14 (1936) en/of Psalm 118:1, 7, 8 (2001), en Psalm 46:1, 2 (1936 en/of 2001)

Ds JP Fleischmann (Kaapstad)